

# ST. PETRUS CANISIUS

21 DESEMBER

(1521-1597)



Hierdie Nederlandse Jesuïete teoloog en Kerkleraar word beskou as die vader van die Katolieke pers en media. Die uitvinding van die drukkuns het dit moontlik gemaak dat idees soos nooit vantevore onder die leesgierige publiek versprei kon word. Hy het vroeg ingesien hoe nuttig dié nuwe uitvindsel vir evangelisasie en die verkondiging van die waarheid was. Hy was 'n briljante teoloog wat etlike kategismusse geskryf het. Die belangrikste een was die bekende 'Groot Kategismus' wat in 1555 gepubliseer is en oor die volgende 200 jaar meer as 400 uitgawes sou beleef.